

BUSHMAN'S RIVER MOUTH / BOESMANSRIVIERMOND
Ratepayers' Organisation / Belastingbetalersorganisasie
(BRRAG)
P.O.Box / Posbus 90, Boesmansriviermond, 6190
Website: www.brm.org.za/

Gedurende die afgelope jaar het ons Belastingbetalersvereeniging 'n hele paar veranderinge ondergaan. Tydens die 2008 vergadering is die moontlikheid om met die KOSRA (Kenton on Sea Ratepyers' Association) saam te smelt, geopper en die komitee is gevra om die aangeleentheid te ondersoek. U komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat ons ons onafhanklikheid moet behou om ons eie sake te hanteer en dat gemeenskaplike sake saam met die KOSRA aangepak kan word. Daar is verskeie aangeleenthede wat spesifiek op Boesmansriviermond betrekking het en ons meen dat ons in staat is om behoorlik na ons plaaslike sake om te sien.
Tydens 'n spesiale vergadering gehou in Januarie 2009 is 'n nuwe komitee verkies wat bestaan het uit myself, Sheila Swanepoel, Eric Smith, Wendy Grove, Oorlog Botha, Duncan McTaggart, Pieter Mouton, Andrew Murray, Bill Northrop, Ian Smith en Vossie Vosloo. Ons het vir Corris Krogscheepers gekoöpteer as die twaalfde lid van die komitee. Eric Smith, Duncan MacTaggart en Oorlog Botha het gedurende die jaar bedank en Fanie Venter en Stompie Bellingan is gekoöpteer. Die komitee portefeuljes is soos volg:
Voorsitter en regsaangeleenthede - Lötter
Ondervoorsitter – Sheila
Tesourier – Fanie
Sekretaresse – Wendy
Regsaangeleenthede – Pieter
Veiligheid en Sekuriteit – Ian / Andrew
Nuwe Ontwikkelings, Bouregulasies, Water – Bill
Paaie en rante, Oop erwe, Padtekens, Parke, Verkeer – Corris
Rivier, Estuary Care, Departement van Omgewingsake, Gesondheid, Riool, Vullisverwydering – Bill/Andrew/ Vossie/Corris/Lötter
Webtuiste – Ian
NRF & Rampbestuur – Sheila / Bill / Lötter
Wyk 3 Komitee en IOP verteenwoordiger – Sheila
Riversbend sake – Stompie
Tydens ons eerste vergadering het die komitee die wysiging van die grondwet soos bespreek by verlede jaar se vergadering, aangespreek. Ons het 'n gewysigde grondwet voorgestel wat tydens die Paasvakansie deur lede by 'n spesiale vergadering aanvaar is. Die grondwet in beide Engels en Afrikaans kan op ons webblad by www.brm.org.za gesien word. Ons dank aan Ian wat die webblad die afgelope jaar op sy eie koste in stand gehou het. Ons het ook besluit om in ons dorp se sake betrokke te raak deur self sekere dinge te doen en het die spreuk "We make the difference / Ons maak die verskil" aanvaar. U mag onthou dat tydens verlede jaar se vergadering een van die grootste frustrasies wat geïdentifiseer is die afwesigheid van samewerking en dienslewering deur plaaslike bestuur was – ook die versuim van die plaaslike owerheid om op skrywes en ander kommunikasies te reageer. In hierdie opsig het daar die afgelope jaar nie veel verander nie. Gedurende die jaar is die probleem van kommunikasie met munisipale beamptes, oftewel hul versuim om met ons te kommunikeer, weer ondervind. Ons het weereens, soos in die verlede, min of geen antwoorde op skrywes gerig aan die munisipaliteit ontvang nie.
Daarom het die komitee besluit om teen die trae munisipaliteit op te tree en toe riool onverpoos vir die soveelste keer uit die opgaartenk in Riversbend (op pad na die Sand Bar) in die rivier geloop het

Committee: Lötter Wepener (Chairperson), Sheila Swanepoel (Vice Chairperson), Fanie Venter (Treasurer), Wendy Grove (Secretary), Stompie Bellingan, Corris Krogscheepers, Pieter Mouton, Andrew Murray, Ian Smith, Bill Northrop, Anton Vosloo

(nieteenstaande die feit dat die probleem verskeie kere aan die munisipaliteit gerapporteer is). Die Hooggeregshof in Grahamstad is deur ons genader vir regshulp. Die hof het die munisipaliteit beveel om aandag aan die probleem te gee en ’n plan vir die behoorlike onderhoud van die opgaartenk voor te lê. Sedert die hofbevel het die tenk nie weer oorgeloop nie, maar ons is nogtans gereed om op te tree teen munisipale amptenare indien daar weer riool in die rivier sou loop. (Beamptes wat sou toelaat dat die tenk oorloop sal vir minagting van die hof aangekla word en dit mag tot hul gevangesetting lei). Hierdie optrede het waarskynlik aanleiding gegee tot ’n meer aggressiewe houding jeens die munisipaliteit deur u komitee maar ons het besluit om voort te gaan met optrede teen die munisipaliteit indien nodig. Die riool infrastruktuur is nie naby volle funksionaliteit nie. Ons vertrou egter dat ons nuwe munisipale bestuurder sal optree en dat hy die onderhoud van die infrastruktuur binne ’n redelike kort bestek van tyd sal kan aanspreek.
Ons werk saam met alle ander belastingbetalersvereenigings in Ndlambe deur middel van ons lidmaatskap van die NRF (Ndlambe Ratepayers’ Forum). Hierdie vereeniging tree op met die insette van al die verskillende belastingbetalersvereenigings in Ndlambe om sake van gemeenskaplike belang van alle belastingbetalers aan te spreek. Die NRF was baie aktief met die eiendomsbelasting kwessie wat, na vele probleme, uiteindelik gefinaliseer is.

Boesmansriviermond is deel van die Ndlambe Munisipaliteit wat verder bestaan uit Marselle, Klipfontein, Kenton-on-Sea, Ekuphumleni, Boknes, Alexandria, Cannon Rocks, Kasouga, Port Alfred, Kleinemonde en Bathurst. Boesmans vorm, tesame met Marselle en Klipfontein, Wyk 3 en al tien wyke van Ndlambe word deur raadslede op die Ndalmbe munispale raad verteenwoordig. Ons wykskomitees het ’n baie belangrike kommunikasiemiddel met die munisipaliteit geword en ons gebruik die komitee om die oplossing van ons probleme te bevorder. Die Wyk 3 komitee is waarskynlik een van die bes funksionerende wykskomitees in Ndlambe nieteenstaande al die tekortkominge. Ons het met spyt van die onlangse afsterwe van ons wyksraadslid, Maria Mike, met wie ons ’n uitstekende werksverhouding opgebou het, verneem. Ons vertrou dat ons ’n soortgelyke verhouding met ons nuwe raadslid wat aangestel sal word, sal kan opbou.
Na ’n onlangse vergadering tussen beamptes van Ndlambe, die NRF en NAG (Ndlambe Action Group – wat ’n belastingboikot voorstaan) is besluit dat kundige persone wat in ons gebied woon se raad en hulp gevra sal word om ’n beter dienslewering strategie vir die munisipaliteit te ontwikkel. Die nuwe jaar sal leer of hierdie benadering suksesvol sal wees.

Water: The beskikbaarheid van water in hierdie deel van die land het ernstige negatiewe afmetings aangeneem. As gevolg van ’n volgehoue droogte het die groot boorgat by Diaz begin opdroog en lewer dit tans slegs brak water. Die boorgate by Diaz het gewoonlik 2 miljoen liters water per dag gelewer. Nou lewer dit slegs 800 000 liters per dag met die gevolg dat die omgekeerde osmose werke hier in Boesmansriviermond die nodige water moet verskaf vir Boesmans, Marselle, Klipfontein, Kenton en Ekuphumlerni. Buite seisoen is die water beskikbaarheid ongeveer 1,6 m liters per dag terwyl gebruik ongeveer 1,5 m liters is. Gedurende die vakansieseisoen verhoog die vraag na water tot omtrent 2,5 m liters per dag. Daar is dus ’n verwagte tekort van ongeveer 700 000 liters per dag. Die opgaardamme wat ongeveer 9 miljoen liters hou, word tans vol gehou. Ten einde te verseker dat hulle nie opdroog tydens die vakansieseisoen nie, mag dit nodig wees om waterverskaffing aan inwoners van tyd tot tyd af te sny. Ek versoek u om die waterbeperkinge te respekteer en om nie tuine nat te maak of besproeiing of tuinslange te gebruik nie.

Sekuriteit: Boesmans het nie die landwye verhoging in misdaad vrygespring nie. Van u komiteelede het ’n Sektor Polisiëring sisteem op die been gebring en het aktief voorsorgmaatreëls getref. Dit het onder leiding van Andrew en Ian plaasgevind en het gelei tot ons besluit om ’n vennootskap met HiTec Sekuriteit aan te gaan. HiTec is ons aanbevole sekuriteitsmaatskappy en het verbeterde dienste aan huiseienaars begin lewer. U mag reeds die voertuie en sekuriteitsbeamptes in ons dorp waargeneem het wat dit onnodig gemaak het vir BRRAG om die koste aan te gaan om addisionele sekuriteitsmaatreëls tydens die vakansie te tref. Daar is ’n noodknoppie by die posbusse en ’n kamera, geborg deur Johann Smuts, is aangebring by die brug waar mens toegang tot die Rivier kry wat 24/7 gemonitor word. Ons hoop om addisionele kameras in die dorp te installeer en ten einde dit te doen het ons Hi-Tec versoek om

R 10 per maand ekstra per huiseienaar te hef om sodoende ’n fonds op te bou vir die aanskaf van addisionele kameras en ander sekuriteitstoerusting.
Tydens verlede jaar se vergadering is die weerhouding van belasting geopper. Na versigtige oorweging, het u komitee tot die gevolgtrekking gekom dat sodanige optrede, wat algemeen gepropageer word deur drukgroepe, nie die probleem na behore kan aanspreek nie. Onderhandelinge met behulp van die NRF en ons eie pogings om dinge te doen en ons selfhelp projekte is na ons mening, die korrekte optrede. Aangesien die kwessie van belastingweerhouding ’n populêre konsep is, sal ek daardie lede wat belangstel in die aangeleentheid vir 10 minute na die vergadering toespreek ten einde nie ander lede onnodig op te hou nie. Indien die vergadering so besluit, sal ek die aangeleentheid hanteer voor die afsluiting van die vergadering.

U word herinner dat boot treilers in ons treilerpark gelaat moet word; moet asb nie voertuie in die bootlanseerarea parkeer nie; moet asseblief nie bote aan die kaai vasmeer nie – dit is daar om passasiers op en af te laai; die rivierpad is deur die munisipaliteit gesluit vir voertuie.

Goeie nuus
Nadat ons besluit het om in belang van ons dorp en lede op te tree en nie op die munisipaliteit alleen staat te maak nie, het ons met verskeie projekte begin gedurende die afgelope jaar: U is teen hierdie tyd almal bewus van die verbeteringe by die skinderboom wat deur komiteelede onderneem is en deur ’n komiteelid (Piter Mouton) befonds is terwyl Neat Pave die plaveisel voorsien het; die hout loopweg na die strand is aangepak deur komiteelede weereens met fondse verskaf deur Pieter; ons het ’n voertuig en treiler aangeskaf en het arbeid gehuur om die dorp van tyd tot tyd skoon te maak; ons het met beamptes van Ndlambe vergader en die addisionele asdromme is uiteindelik op daardie plekke soos deur ons versoek, aangebring; sommige spoedwalle soos deur lede versoek is aangebring; slaggate is onlangs opgevul; die riool tenks word gereeld skoongemaak; toe storms gedurende September die parkeerterrein by die see met sand gevul het, het Sheila met Coastal Care gereël om die probleem te kom oplos; die kaai het tot niet gegaan en moes vervang word – BRRAG het met die hulp van Estuary Care verseker dat dit vervang word voor die vakansieseisoen – ons dank ook aan Rotary wat finansieel bygedra het tot die projek; nieteenstaande ’n belofte van die munisipaliteit om die openbare toilette te verbeter, het dit nie gebeur nie en ons het self ’n kontrakteur aangestel om die toilette by die rivierstrand op ons koste te herstel. Ons het ook ’n skoonmaker in diens wat die toilette skoon hou tussen 08h00 en 15h00. Gedurende die afgelope jaar het ons ook ’n tuindiens gekontrakteer om oop parke, paadjies wat aflei na die rivier en die begraafplaas op ’n maandelikse basis skoon en netjies te hou. U kan verseker wees dat indien ons nie hierdie dinge self gedoen het nie sou u ’n Boesmans aangetref het wat in redelike onnette toestand was. Corris het verskeie vergaderings met munisipale amptenare gehad ten einde dienslewering aan te spreek: onlangs was daar reaksie en ons paaie en padtekens is verbeter; ons besware teen die oprigting van ’n karavaanpark op die rivierfront by die piekniekarea, was suksesvol.
Daar is ’n hele paar projekte wat nog steeds aandag verg en u komitee is van voorneme om al die aangeleenthede gedurende 2010 te pak. Lede wat versoeke aan ons gerig het kan verseker wees dat alle versoeke steeds op ons agenda is vir aandag. Die aangeleenthede is of op die gesamentlike lys deur NRF voorgelê aan die munisipaliteit of sal deur die komitee aangespreek word na die beste van ons vermoë.
Nadat ons met ons positiewe benadering begin het deur dinge self te doen het verskeie lede van ons gemeenskap ingespring en hulp verleen: Stoffel Kotze het die swartgeverfde straatnaamborde skoongemaak; Corrie Swanepoel het die sypaadiie by die lanseerpad herstel; Frans Wessels het bystand verleen met aanwysings op die rivier; ander lede het hulp en bystand aangebied en verleen. Gary Loader het ’n aantal inheemse bome geskenk wat ons in die dorp en Riversbend geplant het.
Fanie sal met ons finansiële verslag handel. U sal merk dat ons fondse benodig om al ons projekte aan te pak. Ek versoek u om dieper in u sakke te delf en om ’n nulletjie of twee by u lidmaatskapfooi van R100 te voeg. Ons ledetal het toegeneem van minder as 100 tot 266. Tog is daar baie ruimte vr verbetering. Let asb daarop dat afgesien van belastingbetalers, die volgende persone kwalifiseer vir lidmaatskap van BRRAG: Besoekers en ander persone wat buite Boesmansriviermond woonagtig is wat as gevolg van hul teenwoordigheid in Boesmansriviermond, gebruik maak van dienste en fasiliteite verskaf deur ’n owerheid. Dit verseker dat alle gereelde besoekers wat Boesmans op die hart dra, lede

kan word en ’n bydrae kan lewer om Boesmansriviermond te verbeter en onderhou. Maak asseblief seker dat ons u korrekte epos adres het. Dit kan aan info@brm.org.za gestuur word.
Komitee:Meeste lede besef dat om op ’n vrywillige komitee te dien op sy beste ’n ondankbare taak is en dat die take dikwels verrig word te midde van groot persoonlike opoffering ten opsigte van tyd en moeite. Ek bedank al my mede komiteelede wat die afgelope jaar saam met my op die komitee gedien het vir hul advies en werksaamhede ten einde ons belange te bevorder - wat dikwels teen ’n persoonlike koste verrig word. Hulle ontvang geen vergoeding nie en min erkenning vir hul onbaatsugtige dienste. Ek beveel sonder enige huiwering aan dat u hierdie komiteelede herkies tot die komitee.
Ek bedank alle lojale lede van BRRAG vir die belangstelling en onderskraging wat verseker dat ons voortgaan om ons fasiliteite verbeter – dit is ’n belangrike bron vir ons inspirasie ten einde ons aktiewe deelname in Boesmanssake aan te spoor.
Ek moet ’n spesiale woord van dank rig aan ’n gerespekteerde lid van die komitee, Charles Sprong, wat ’n komiteelid van BRRAG was vir langer as wat ek kan onthou. Charles het uiteindelik besluit om ’n ruskansie te neem en sy deelname aan plaaslike aangeleenthede af te skaal. Ons bedank Charles opreg vir sy uitstekende diens oor die jare heen.
Baie dankie ook aan al ons lede wat donasies gemaak het die afgelope jaar. Daarsonder sou ons nie kon klaarkom nie. Die lys van donateurs is beskikbaar. Maar een donateur het fondse verskaf vir die konstruksie van die skinderboomarea en die hout loopweg na die strand – aan Pieter Mouton ons opregte dank vir die groot gebaar.

My dank ook aan Annabelle Northrop wat ingestaan het as sekretaresse wanneer ookal dit nodig was.

Aangesien ek ’n voorsitter is wat nie op Boesmans inwoon nie, is dit soms moeilik om al my komiteeverpligtinge nougeset na te kom. Dit het egter verseker dat ek nie minder nie as sewe keer die afgelope jaar na Boesmans toe moes kom – voorwaar ’n aangename voordeel. Ek bedank graag ons ondervoorsitster, Sheila Swanepoel, wat vir my ingestaan het waar dit ookal nodig was. Dankie vir jou goeie raad en bystand gedurende die jaar.

“Ons Maak Die Verskil”

Lötter Wepener
(Voorsitter)
28 Desember 2009

“PLAASLIKE BESTUUR IS ALMAL SE BESIGHEID”
Minister van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake – **SICELO SHICEKA**